NG Kerk Randburg

groei. behoort. dien

Kantoor 011 - 789 2428; ngrburg@mweb.co.za
Ds Servaas de Kock 082 552 5093; ds.sdek@mweb.co.za
Ds Rian Steenkamp 083 700 3567; steenkampc747@gmail.com
http://www.ngrandburg.org / facebook.com/ngkerkrandburg

5 September 2021

VANDAG

1. **Erediens:** Ds Servaas de Kock. *4 Weke van Hoop 4.* **1 Kor 9 : 24-26**. HOOP *wat hou en aanhou!*
2. **Jeugwerk:** Kleuterkerk en Kategese vir Gr 1 -3 sal aanlyn video's wees wat op WA gestuur sal word elke Sondag en Gr 7-10 doen ZOOM-klasse totdat erediens getal verhoog word.

WERD OM TE WEET

1. **Inspirasie week:** Die invoegsel kan elke dag van die week gebruik word om die HOOP vir die lewe op verskillende maniere te oordink en te vier. Deel dit gerus met iemand. Facebook en WA groep sal elke dag se waarheid herhaal sodat dit makliker gedeel kan word.
2. **POPIA:** Vorms vir Lidmate asook vir Ouers van Minderjarige kinders is op die tafel in die portaal. Voltooi dit sommer vandag. Ons hoop om teen 15 September die proses af te handel.
3. **Bybelstudie:** Ons kom weer op 'n **Woensdag om 09:30** in die konsistorie byeen.

GOEIE WENSE AAN ALMAL WAT VERJAAR

05/09 André Cloete, Theo Haupt, Michiel Horn
06/09 James Mac Donald, Lizanne Prinsloo, Bessie Vermaak, Deon Visagie
07/05 Nickus van der Walt
10/09 Rozelle Kalis
11/09 Elriena Delport, Colleen Greeff, Marlene Pretorius

ONS DEEL IN MEKAAR SE LEWENS

1. **Bejaardes en chroniese siekes: Marietjie Erasmus** (083 575 1965), **Di Hart** (083 226 5486), **Neels en Hyla Dannhauser** (011 793 2559), **Annette van Heyningen** (074 298 3338), **Johan Kemp** (072 085 1222) en **Lenie Benecke** (011 888 3187).
2. **Hospitalisasie, operasies en siekes:**
   - **Hilleze Schreuder** (074 111 6595) herstel steeds van 'n groot rugoperasie.
   - **Joan Verhoog** (082 819 8613) is nog in Olivedale met 'n ernstige terugval in haar toestand.
   - **Verskeie lidmate** en hulle families ervaar verskillende grade van 'n COVID-positief diagnose.
3. **Simpatie: Blondie van Heerden** se familie (Belinda – 076 707 9445) met sy afsterwe Vrydag.

GEBEDSBEDIENING



'n **Whats App-groep van** gebedsvennote ontvang gebedsversoeke: spesifiek-persoonlik of anoniem. Rig **versoeke** aan Mynhardt Kapp - SMS 082 570 4309.

Ons bly bid …

- vir elkeen wat deur die pandemie geraak word …
- vir ons land en regering met al die uitdagings …
- vir elkeen wat treur oor die verlies van 'n geliefde
- vir ons matrikulante wat besig is met die rekord-eksamen
- vir elkeen wat sukkel om hoop te hou in hierdie pandemie-tyd

BYBELPROJEK

Die kerkraad stel Bybels teen 'n **subsidie-prys van R70** beskikbaar vir verspreiding deur lidmate. Lidmate kan bydra tot die subsidie-fonds en word opgeroep om bewus te wees van geleenthede waar hierdie "*goedkoper*" Bybels aan **verskillende groepe mense versprei kan word.** Verskeie vertalings is tans in voorraad beskikbaar. Kontak Zelda Hertz (082 873 6458).

JEUG … OUERS NEEM KENNIS ASB!

Jeug orkes: Oudisies vir ons eie jeugorkes word gehou op Sondag 5 September tydens die erediens onder die afdak. Bring jou eie instrument saam. "*Drummers*" kan video-oudisies stuur. Kontak Joléne – 083 379 7709 – vir meer inligting.

2020 se verhale: Ons soek na kinders wat graag teken en skryf (*journaling*) om deel te neem aan dié projek wat ons verhale as Christene in die jaar 2020 vertel. Joléne is die samesteller. Ander lidmate wat iets oor hulle ervaring van die pandemie geskryf het is ook welkom om dit te stuur.

UIT DIE KERKRAAD

In Pas: As gemeentes is ons in hierdie Covid seisoen op onbekende terrein. Hoe leef ons in hierdie tyd as roepingsgetroue gemeentes te leef? *Hoe lyk die volgende hoofstukke in ons gemeentes en hoe kan ons as dissipels van Jesus die pad vorentoe onderskei?* Die kerkraad het besluit om saam met Fontainebleau en Domus Dei Randburg-Suid op die IN PAS-reis te gaan en te ontdek hoe ons in pas met die lewende God kan leef. Die eerste tree word vanaf Oktober vanjaar gegee.

2023: In aansluiting by bogenoemde proses het die kerkraad 'n werkgroep benoem om te besin oor die toekomstige aard en behoeftes van die gemeente met die oog op ds Servaas se waarskynlike aftrede in 2023. Meer besonderhede oor die werkswyse sal mettertyd beskikbaar gestel word. Die gemeente word opgeroep om veral vir hierdie proses voorbidding te doen.

Teologiese studie: Die kerkraad het die gemeente se meelewing en ondersteuning bevestig aan Joléne de Kock wat besig is met teologiese studie aan die Hugenote Kollege. Hierdie studie sal haar uiteindelik bekwaam om as diens-leraar met spesifieke opdragte in 'n gemeente bevestig te word.

Ds Rian: Die kerkraad het ds Rian Steenkamp aangestel in 'n deeltydse kontrakpos wat nie aan 'n bepaalde tydperk gekoppel is nie. Hy behou sy verantwoordelikheid vir die begeleiding van die belydenisklas en die waarneem van een erediens per maand.

WOORDGESPREK

- Vir Bybelstudie, omgeegroepe en huisgeloof -

Week van 5 September – Romeine 8 : 31-39

4 Weke van Hoop – 4 : Hoop wat hou … en aanhou!

*Ek kyk op na die berge: waarvandaan sal daar vir my hulp kom"? (*Psalm 121:1) verwoord beslis iets van ons elkeen se lewe … Wat veroorsaak dat ons so voel? Wat veroorsaak dat ons moeg en afgemat word? Ons probeer so hard om die hoop in ons hart te hou dat beter dae op pad is, maar dan kry ons dae waar ons moedeloos voor ons berge staan en vra: Waar kry ons ons hoop vandaan wat sal aanhou … ook as ons begin moed verloor? Dink bietjie rustig hieroor en raak stil daarmee …

Ons lees nou Romeine 8 : 31-39. *Miskien ook goed om in nog 'n vertaling te lees …* soos hierdie kort parafrase van *The Message … So, what do you think? With God on our side like this, how can we lose? I'm absolutely convinced that nothing—nothing living or dead, angelic or demonic, today or tomorrow, high or low, thinkable or unthinkable—absolutely nothing can get between us and God's love because of the way that Jesus our Master has embraced us.*

- Watter dinge neem mense se hoop weg? Skryf dit neer met die hulp van verse v 33, 34 en 35. Skryf dan volgens dieselfde verse en ook verse 37-39 dít neer wat Paulus bely, waardeur hy sê dat hy te midde van die bedreigings sy hoop behou.

  ……

  ……

  ……

  ……

- Waarop bou ons ons hoop wanneer ons met ons wêreld-brein dink?
- Wanneer verloor dáárdie hoop sy krag?
- Waarop moet Christene hulle hoop bou?
- Noem vir mekaar maniere om hoop bymekaar te maak vir die moeilike tye wat iewers gaan kom.
- Hoe belangrik is jy vir God? (v31 en 32)
- Hoe belangrik is God vir jou?
- Skryf nou jou eie eenvoudige geloofsbelydenis neer:

  ……

  ……

- Besluit watter tyd van elke dag (minstens hierdie week) gaan jy dit hardop vir jouself sê.
- Stuur per SMS iets van die boodskap van Rom 8:31-39 vir 'n vriend/in wat jy weet deur 'n moeilike tyd gaan.

SNUFFELGIDS

1. **Tuisversorger beskikbaar:** Ondervinding in versorging van Dementia, Parkinson's, Diabetes 2, Rehabilitasie na beroerte. Skakel Charlotte Clements - 060 703 7409.
2. **Voorbereide etes:** Weeklikse spyskaart (middag- of aandetes @ R60) Bestel vorige dag teen 09:00. Afhaal volgende middag. Kontak Janine (082 551 3755) vir spyskaart en besonderhede.
3. **Loodgieter/Nutsman:** Vir spoedige en deskundige diens. Skakel vir Gerhard (073 248 1513).
4. **Te koop:** Tuisgebakte klein koekies en beskuit te koop. Kontak Elsabe - 082 877 6501.
5. **Te Huur:** Marlothpark vakansiehuis te huur. Grens aan Kruger Park. Inez Steyn - 082 684 4339.
6. **Zeek's Artisan Food:** Voorbereide etes – "*druk-in-die-oond-wonders*" soos lasagne, geroosterde hoenderpastei, herderspastei, macaroni en kaas, sosaties, fees-skinkborde met verskeidenheid lekkernye. Spesiale feesbrode met GMO vrye meel. Siegfried – 082 448 9534.
7. **Vrystaatse lamsvleis:** Vol of ½ lam opgesny en vakuum verpak soos verkies, afgelewer by huis. Boerewors en bees maalvleis ook beskikbaar. Besoek www.affi-plaas.co.za of kontak Martiens (071 609 8937) vir meer inligting.
8. **Te Huur**: Ruim Loft Tuinwoonstel @ R7 650 per maand. Luuks gemeubileer, privaat ingang met onderdak parkering, stil, sentraal, veilig, swembad, elektriese omheining, kragopwekker en alarm. 5G internet, water, asook weeklikse skoonmaak ingesluit. Uitstekende waarde - ideaal vir enkel werkende persoon. Kontak 082 920 6163.
9. **Foto's wat praat.** Lê enige feestelikheid soos troue, doop en ander herinnerings vas met besondere foto's. Christa Richter – 083 274 4979.
10. **Wondersalf te koop:** Help vir sinus, spierpyne, bytplekke, sonbrand ens. R110 per houer. Navrae by kerkkantoor of 083 226 9988.
11. **Betroubare huishulp** beskikbaar 2 dae per week. Skakel Elriena Delport (082 837 7480)
12. **Te huur:** Vakansiehuis met see-uitsig (slaap 6) Umzumbe-Suidkus R1000 pd. Kontak Ilze 083 725 7028.
13. **Te huur:** 1 Slp kamer tuin-woonstel naby Randburg Hoërskool. R5 500 pm. Ilze - 083 725 7028.
14. **Te huur:** 1 Slaapkamer, badkamer en kombuis in Ferndale. Huur R5500 pm, water en ligte uitgesluit. Kontak Madel - 082 857 0034.

BANK- EN BETALINGSBESONDERHEDE

Meld asb rede vir inbetalings as verwysing:

NG Gemeente Randburg
ABSA Randburg
Kode 505 705
Tjek rek nr: 0170580001

Gebruik SnapScan vir enige betaling aan die gemeente.

Diensgroep Steundienste erken met groot dankbaarheid al die dankoffers wat ontvang is. Ons glo dat God sal bly voorsien … ook in September en die maande wat mag kom.
Ons gee aan Hom die eer!